

16 April

Skrifgedeelte: Spreuke 21:1-8; 22:8

Fokusgedeelte: Spreuke 21:1; 22:8

Konings en regeerders in die hand van die Here

Daagliks ontstel die aanhoor van die planne van die heersers van hierdie wêreld ons, omdat ons in ons brose magteloosheid aan die gevolge van hulle soms skrikwekkende besluite dink. In Spreuke 21:1 lees ons egter hoe eenvoudig alles is. Die hart van die koning, nie net dié van die goeie koning (Dawid, Salomo en Kores) nie, maar ook die slegte (Faraon en Agab), is in die hand van die Here. Deur die koning wil die Here sy doel met die land bereik. Net soos die boer wat die vloedwater lei waar hy dit nodig het.

Hierteenoor kom in Spreuke 22:8 die waarskuwing: dade het gevolge. “Wie onreg saai, sal teenspoed maai.” Die hardvogtigheid of ellende wat die owerheid ander aangedoen het, sal homself vernietig.

Elke gereformeerde gelowige het die roeping tot getuigenis teenoor die owerheid, juis omdat ons bely dat “... die goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike gesag konings en vorste en owerhede aangestel het ... sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop” (Art. 36 NGB). Ons moet dus voortdurend die konings tot doelgerigte, doeltreffende gehoorsaamheid aan hulle Goddelike roeping oproep.

Bid daarom elke dag dat God die regeerders wat Hy oor ons aangestel het, sal gebruik waar en waarvoor Hy hulle nodig het. Bid dat Hy aan elkeen van ons die nodige krag tot gehoorsaamheid sal gee. Bid dat Hy elke koning sal lei om aan Hom gehoorsaam te wees.

Sing: Psalm 48:2 (Totius)

Ds. SJ Hibbert (Koster)